

Ken jou vyand

Om jouself teen jou vyand te beskerm moet jy sekere dinge van hom weet, anders word jy maklik oorrompel. God openbaar net genoeg in die Woord aangaande ons aartsvyand, sodat ons nie onverhoeds betrap word nie.

Die duiwel is 'n strateeg van formaat. Sy strategieë bestaan hoofsaaklik uit die volgende:

1. Hy *vermom* homself en kom nooit eerlik om die mens te konfronteer nie. Hier kom hy in die gedaante van 'n slang.
2. Hy val die mens aan wanneer jy op jou *kwesbaarste* is. Hy val Eva aan wanneer haar man nie by haar is nie.
3. Hy verlei deur *twyfelvrae* te stel. "Is dit so...?" Het God werklik so en so gesê? So ken ons ook die twyfelvrae wat dwaalleraars ons mee peper, en ook die twyfelvrae van ons eie gees.
4. Die duiwel gebruik die leuen, want hy is die vader van *die leuen* (Joh. 8:45). Hy beweer dat God gesê het dat hulle van *geen* boom in die tuin mag eet nie.
5. Hy verlok Eva met die *begeertes* waarop hy sinspeel - "jou oë sal oopgaan... julle sal soos God wees" (vers 5). En dan weer eens die leuen want hy vertel halwe waarhede - hy vertel haar nie wat sy sal sien as haar oë oopgaan en wat die "alles" is wat sy sal ken nie. Hy vertel haar nie dat sy die kwaad sal ken en dat sy die hel sal sien nie!

Geweldig is die aanslag. Verfynd die strategieë. Tog kan ons dankbaar wees dat ons nie geroep word om self teen die duiwel te stry nie, want dit het God deur Jesus Christus vir ons gedoen. Ons moet net versigtig wees en ernstig weerstand bied teen die sonde. Ons verdedig onself deur die waarheid wat ons glo en kan deur gebed ons Verlosser vra om ons deur sy Gees by te staan. Jesus Christus het immers die Bose klaar oorwin en saam met Hom is ons meer as oorwinnaars.